

# Woensdag 20 Januarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium  
1:1-46

Fokusgedeelte: Deuteronomium  
1:2, 3, 8

## Is God jou vriend, Vriend of HERE?

Die volgende dagstukkies handel oorsigtelik oor die boek Deuteronomium (sien die *Inleiding*) aan die begin van Januarie.

Die boek Genesis *eindig* met Jakob en Josef wat in Egipte sterwe, maar wat in die Beloofde Land begrawe wil word. Deuteronomium *begin* met waar die volk op die punt staan om die Beloofde Land binne te trek. Deuteronomium 1:2, 3 vertel dat die reis van Horeb na die Beloofde Land normaalweg 11 dae se trek is, maar dit het Israel 40 jaar geneem ...! Hoekom? Israel het vergeet of die Here hulle vriend, Vriend of HERE is! Die sondige mens vra: Wie is God – 'n vriend met 'n kleinletter "v"? Van Adam se tyd af wou die mens soos God wees; gelyk aan God. Hulle is net aan God gehoorsaam in wat hulle van God goedvind! Byvoorbeeld: Vers 14 – toe hulle die Beloofde Land in besit moes gaan neem, wou hulle eers verkenners stuur om te gaan kyk hoe die land lyk (vs 22). Toe die verkenners terugkeer met die vrugte van die land, is hulle tevrede (vs 25), maar toe hulle hoor dat die inwoners groot en sterk is, word hulle wederstrewig teen die HERE (vs 26).

God is soms hulle Vriend – met 'n hoofletter "V". Maar wanneer hulle God nie kan begryp nie, is God hulle vriend met 'n kleinletter "v". In vers 30 tot 33 wou hulle God selfs nie ten opsigte van sy verbondsbeloftes glo nie. En daarom besluit God dat hierdie wederstrewige geslag vir 40 jaar sal rondswerf en nie in die Beloofde Land sal ingaan nie. Maar tóé wou hulle júis gaan (vs 41) en op hulle *eie* kragte vertrou. *Sonder* die Here was daar 'n groot nederlaag.

Jesus noem in Johannes 15:13-16 sy dissipels *vriende*, want hulle is sy *vertrouelinge* wat Hy uitverkies het om die Woord aan hulle toe te vertrou. Wie is die Here vir jǒú? 'n Klein- of hoofletter v(V)riend? Nee, Hy is die HERE, die God wat jǒú uit genade uitgekies het om deel van sý volk te wees! Deur Christus se dood en opstanding het jy sy kind geword. Jy mag nie woer-woer met Hom speel nie!

*Sing: Psalm 90-1:1, 2*

*Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad/Pretoria)*